higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

SIELKUNDE VAN LEER
NKR VLAK 3

(5050073)

19 November 2019 (X-Paper)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 180

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae deeglik deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Gebruik slegs BLOU of SWART ink.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Marianne is 10 jaar oud en in Graad 5. Haar ouers het haar laat assesseer en dit toon dat sy linkerbreindominant is.

Noem DRIE eienskappe wat Marianne kan hê. (2 × 3) (6)

1.2 Voltooi die volgende sinne deur die woorde in die lys hier onder te gebruik. Skryf slegs die woord(-e) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

linkerbrein-; langtermyn-; selfgemotiveerd; opvoedkundige speelgoed; naturalisties; regterbrein-

1.2.1 'n Persoon met ...dominansie kan die beste lees terwyl hy of sy regop sit.

1.2.2 Tydens ... leer, begin kinders die leerproses self.

1.2.3 ... dra positief by tot die leerervaring.

1.2.4 Om in 'n groep te studeer en idees te help, help ... stimulasie.

(4 × 1) (4)

1.3 Noem DRIE aktiwiteite wat regterbreinpersoonlikhede sal stimuleer. (3)

1.4 Noem VIER voordele van outonome leer. (4)

1.5 Die meervoudige-intelligensiesteorie beweer dat mense 'n aantal verskillende intellektuele vermoëns het.

Beskryf die volgende tipes intelligensie en noem EEN aktiwiteit vir elke tipe:

1.5.1 Linguistiese intelligensie

1.5.2 Interpersoonlike intelligensie

1.5.3 Naturalistiese intelligensie

(3 × 3) (9)

1.6





CHILDREN AT PLAY

Noem TWEE voordele van speel tydens kleinkindontwikkeling. (2 × 2) (4)

[30]

VRAAG 2

2.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1.1 Dit is altyd maklik om etiese keuses en besluite te maak.

2.1.2 Kinders word afknouers, omdat hulle baie lae selfagting het.

2.1.3 Lyfstraf word in Suid-Afrika verban, en opvoeders moet ander etiese maniere gebruik om leerders te dissiplineer.

2.1.4 Monogamie is die praktyk waarvolgens meer as een eggenoot geneem word.

2.1.5 'n Negatiewe huislike omgewing kan daartoe lei dat kinders kwesbaar en waardeloos voel.

(5 × 1) (5)

2.2 Noem DRIE negatiewe gevolge wat televisie op jong kinders kan hê. (3 × 2) (6)

2.3 As onderwyser is dit belangrik om jou te verbind tot die sukses van elkeen van jou studente. Elke student wat jou klaskamer binnekom, het 'n ander leerstyl.

2.3.1 Noem DRIE strategieë wat 'n onderwyser kan gebruik wat ouditiewe leerders sal bevoordeel. (3)

Kopiereg voorbehou

2.3.2 Teken die tabel hier onder oor in jou ANTWOORDBOEK. Skryf slegs die antwoord vir die leerstyl onder die letter (a) en die aktiwiteit wat daarmee geassosieer word onder (b) in die ANTWOORDBOEK neer.

Visuele leerstyl	
(a) Sintuig geassosieer met hierdie leerstyl (1)	(b) Aktiwiteite geassosieer met hierdie leerstyl (2)
Ouditiewe leerstyl	
(a) Sintuig geassosieer met hierdie leerstyl (1)	b) Aktiwiteite geassosieer met hierdie leerstyl (2)
Tas-kinestetiese leerstyl e	
(a) Sintuig geassosieer met hierdie leerstyl (1)	b) Aktiwiteite geassosieer met hierdie leerstyl (2)

(9)

2.4 Noem en verduidelik TWEE hooffaktore wat 'n individu se IK beïnvloed. (3 × 2) (6)

2.5 In watter VYF areas vind kinderleer en –ontwikkeling plaas? (5)

2.6 Die DRIE domeine van leer is die kognitiewe, psigomotoriese en affektiewe domein.

Beveel TWEE leeraktiwiteite aan om elkeen van hierdie domeine in 'n jong kind te ontwikkel. (2 × 3) (6)

[40]

VRAAG 3

3.1 Definieer *formele* en *informele leer.* (2 × 2) (4)

3.2 Noem die VIER stadiums wat Jean Piaget in die ontwikkeling van beklemtoon. (4)

3.3 Kies VIER beginsels van volwasse leer wat jy as die belangrikste beskou. (4 × 2) (8)

3.4 Professionalisme is die sleutel tot 'n opvoeder se sukses.

Noem VIER maniere waarop 'n opvoeder professionalisme kan handhaaf. (4 × 2) (8)

3.5 Vergelyk opvoedergesentreerde onderrigmetodes en leerdergesentreerde onderrigmetodes.

Noem TWEE punte vir elke metode. (4 × 2) (8)

3.6 'The purpose of adult education is to help them to learn, not to teach all you know and thus stop them from learning.' ('Die doel van volwasse onderwys is om hulle te help om te leer, nie om hulle alles te leer wat *jy* ken nie en hulle dus stop om te leer.') Carl Rogers

[Bron: *www.azquotes.com]*

Noem VIER tipe onderrigomgewings en klaskamertoestande wat jy dink die beste vir volwasse leer is. (4 × 2) (8)

[40]

VRAAG 4

4.1 Verskillende opsies word gegee as moontlike antwoorde op die volgende stellings. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A-D) langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.1.1. Waardes wat jou lei hoe om te leef en teenoor ander mense op te tree en ander mense te behandel, word genoem:

A Werkwaardes
B Kulturele waardes
C Sosiale waardes
D Persoonlike waardes

4.1.2. 'n Stel vrae wat ontstaan wanneer mens besluit hoe jy moreel behoort op te tree, word genoem:

A Morele oordeel
B Etiese besluit
C Waarde-oorwegings
D Meningstoepassing

4.1.3 Die reg op privaatheid en vryheid van spraak skets beginsels van die...

A utilititeitsiening.
B maatskaplikegeregtigheidsiening.
C menseregtesieneing.
D omgewingsiening.

4.1.4 Om getrou aan jou gade of lewensmaat te wees, word genoem:

A Poligamie
B Oneties
C Getrouheid
D Ontrouheid

4.1.5 Problematiese onetiese gedrag wat algemeen in skole voorkom en wat onwettig is:

A Dwelmgebruik
B Kullery
C Steel
D Afknouery

(5 × 1) (5)

4.2 Wat is *samewerkende leer*? (2)

4.3 Vergelyk die uitwerking van natuur en versorging met betrekking tot die bepaling van intelligensie. (3 × 2) (6)

4.4 In enige werkplek is dit noodsaaklik dat werknemers hulle daartoe verbind om gehaltewerk te lewer.

4.4.1 Wat is 'n *gedragskode?* (3)

4.4.2 Noem VIER voorbeelde van etiese werkpraktyke. (4 × 2) (8)

4.5 Noem DRIE redes waarom leerders hulle nie gedra nie of dinge doen wat tot etiese probleme kan lei. (3 × 2) (6)

[30]

VRAAG 5

5.1 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat pas by 'n item in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
5.1.1	Word geassosieer met beplande, gestruktureerde en geordende denke	A	kognitiewe leer
5.1.2	Leer wat onthou en ontleding van inligting insluit	B	intuïsie
5.1.3	Om mens se gevoelens te gebruik eerder as om feitelike inligting te oorweeg	C	geheue
5.1.4	'n Persoon se vermoë om sy of haar gesonder verstand te gebruik	D	linkerbrein
5.1.5	Word geassosieer met patroonherkenning	E	praktiese intelligensie
5.1.6	'n Voorbeeld van 'n leervermoë	F	regterbrein-
		G	emosionele intelligensie

(2 × 6) (12)

5.2 'A teaching method outlines the principles and methods used by teachers to enable student learning.' ("n Onderrigmetode wat die beginsels en metodes skets wat deur onderwysers gebruik word om studenteleer moontlik te maak.')

[Bron: *https://en.m.wikipedia.org/wiko/Teaching -method*]

Gee 'n kort verduideliking van elkeen van die volgende onderrigmetodes en noem by watter tipe leerder dit die beste pas:

5.2.1 Narratiewe metode

5.2.2 Vraag-en-antwoord-metode

5.2.3 Eksperimentele metode

5.2.4 Vrye-aktiwiteit-metode

5.2.5 Drilmetode

(3 × 3) (15)

5.3 Verduidelik DRIE vaardighede wat leerders moet ontwikkel vir outonome leer. (2 × 3) (6)

5.4 Noem DRIE voordele van samewerkende leer wat jy persoonlik geniet. (3)

5.5 Beskryf TWEE vermoëns wat 'n persoon met sterk emosionele intelligensie het. (2 × 2) (4)

[40]

TOTAAL: 180

Kopiereg voorbehou